jagbedryf was diervelle, ivoor, horings, vet, rou vleis, biltong en verwerkte produkte soos rieme, swepe en sambokke. Hierdie produkte is verruil vir koffie, tee, suiker, lap en huishoudelike benodighede by die rondreisende smouse, en later by die Joodse handelaars in die dorpe. Die teenwoordigheid van grootwild word ook weerspieël in die Koepelplaasname[189] soos, onder meer, Zeekoefontein 21, Buffelskloof 24, Tijgerfontein 641, Rhenosterpoort 504, Koedoesfontein 12, Elandslaagte 28 en Hartebeestfontein 584. Hierdie grond met waterbronne waarop die inheemse diere voorheen vry geloop het, is afgekamp as plase vir boere, wat beteken het dat die wild nie meer vrylik kon rondtrek nie.


Dit is van belang om hier te verwys na die uitbeeldings van diere in die San[190] se rotsgravures of petrogliewe (*Figuur 7*) op die granofierrots op Daskop 1103 IQ, en die San-rotsskilderye op granietrotse op Nauwpoort 257. Vanuit 'n kuns-, kultureel-antropologiese- en argeologiese oogpunt kan ons eerstens kyk na die styl en tegniek van die gravures, tweedens die lig wat dit vir ons werp op die mens en sy wêreld, en laastens die ouderdom en opeenvolging van die skilderye en hul verband met prehistoriese kulture en die tydstip van die kunswerk.

Die onderwerpe van die gravures wat volg op die meegaande bladsy, is onder meer dié van agt diersoorte. Die gravures, wat wissel van goed (uit die prehistoriese tydperk) na swak (uit die historiese tydperk), is deur verskillende kunstenaars op die rotse aangebring. Die uitbeeldings van die eland (*Taurotragus oryx*), seekoei (*Hippopotamus amphibius*) en witrenoster (*Ceratotherium simum*) met die kenmerkende San-kuns sy-aansig, is deur goeie kunstenaars in perfekte perspektief gedoen. Die uitbeeldings van die mitiese reënbul wat in reënmaak-rituele 'n rol gespeel het, gevlekte hiëna (*Crocuta crocuta*), swartwildebees (*Connochaetes gnu*) en 'n dier wat na 'n donkie lyk, is dié van verskeie minder-bekwame kunstenaars:

---

189 Plaasnommers volgens die kaart in A.L. Hall & G.A.F. Molengraaff, *The Vredefort mountain land in the Southern Transvaal and the Northern Orange Free State 1872*, p. 184.

190 Ook Khoe vroeër *Boesmans* genoem. Hierdie inheemse bevolkingsgroep wat naas die Khoikhoin bestaan het, was hoofsaaklik jagter-versamelaars wat gedurende die Laat-Steentydperk (40 000-200 jaar voor die huidige) in die sentrale suidelike deel van Afrika rondgeswerf het. Hulle het rotskuns en gravures nagelaat.

| | |
|---|---|
| Renoster<br> | Donkie<br> |
| Eland<br> | Hiëna<br> |
| Seekoei<br> | Reënbul<br> |
| Swartwildebees<br> | Perd<br> |

Figuur 7: San-gravures uit verskillende tydperke, op granofierrots[191]

[191] GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Daskop 2010.10.09.